

ST. ROSA VAN LIMA

23 AUGUSTUS

(1586-1671)

Gebore uit 'n goeie familie in Peru was dit haar ouers se droom dat sy 'n goeie huwelik moes aangaan soos die ander jongvrouens van haar stand. Sy het egter geroepe gevoel tot die Godgewyde lewe maar haar ouers het geweier dat sy by 'n klooster intree. Uiteindelik het sy by die derde orde van St. Dominicus aangesluit en in 'n eenvoudige hut in die groot tuin van haar ouerhuis gaan woon, waar sy 'n lewe van intense gebed en self-opoffering gelei het. Sy het naaldwerk gedoen en blomme gekweek om haar eie geld te verdien sodat sy die armes kon bystaan.

